LAERSKOOL **THABAZIMBI**

Vakante pos:

ONTVANGSDAME

Laerskool Thabazimbi benodig die dienste van 'n bekwame en goed opgeleide ontvangsdame wat die beeld van ons skool op 'n positiewe wyse sal uitbou en versterk.

VEREISTES/VAARDIGHEDE

- Vermoë om onder druk te kan werk en veranderende prioriteite te bestuur
- Die vermoë om taktvol en diplomaties met 'n wye verskeidenheid mense om te gaan
- Beskik oor 'n georganiseerde werkswyse en sistematiese beplanning
- Moet instruksies nougeset uitvoer maar ook eie inisiatief kan gebruik om vrae te beantwoord en probleme op te los
- Beskik oor uitstekende organisatoriese- en kommunikasie-vaardighede, beide van aangesig tot aangesig, telefonies en per e-pos (in Afrikaans en Engels)
- Beskik oor uitstekende IT-vaardighede, insluitend Microsoft Office en e-pos
- Vorige ervaring in 'n ontvangsrol of relevante pos sal as 'n sterk aanbeveling dien
- Moet as effektiewe, betroubare en buigsame spanlid kan werk

VERKORTE PLIGSTAAT

- Hanteer ontvangs van ouers, leerders en besoekers
- Interkomskakeling met personeel in klaskamers
- Hantering van nuwe inskrywings
- Vertroulike hantering van vraestelle
- Algemene tikwerk
- Hanteer dissiplinêre stelsel se databasis
- Aankope vir personeelkamer
- Aankope van skoonmaakmiddels vir personeelbadkamers
- Verwys navrae van ouers na personeel
- Hanteer register van leerders wat laat kom of vroeg vertrek
- Uitvoering van enige ander redelike versoeke
- Vertroulike hantering van sensitiewe inligting

KWALIFIKASIES

- Matrieksertifikaat met relevante opleiding in bogenoemde vaardighede

INHANDIGING VAN AANSOEKE

Aansoeke word per hand ingedien word by me Karen Azar in die Administratiewe kantoor en moet die volgende insluit:

- Curriculum Vitae
- Afskrif van identiteitsdokument
- Afskrif van Graad 12-sertifikaat
- Bewys van enige relevante kwalifikasies

Indien u nie teen 16 Maart 2022 uitgenooi is vir 'n onderhoud nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

Die Beheerliggaam van Laerskool Thabazimbi behou die reg voor om bogenoemde pos nie te vul nie.

- **Salaris:** 'n Mededingende salaris word aangebied met 'n dertiende tjek en pensioenfonds
- **Aansoeke sluit:** Vrydag, 11 Maart 2022
- **Aanvangsdatum:** 1 April 2022